SimpleStudy®

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

## REKENINGKUNDE V2

## MODEL NOVEMBER 2019

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 'n 1 bladsy-formuleblad en 'n 11 bladsy-antwoordeboek.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| **VRAAG 1: 40 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| BTW en rekonsiliasie | Begrippe en berekeninge<br>Krediteure-rekonsiliasie<br>Interne beheer |

| **VRAAG 2: 45 punte; 40 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Vervaardiging | Begrippe<br>Grootboekrekeninge<br>Vertolking van eenheidskoste |

| **VRAAG 3: 40 punte; 30 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Begrotings | Begrippe<br>Debiteure-invorderingskedule<br>Kontantbegroting<br>Interne beheer |

| **VRAAG 4: 25 punte; 20 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Beheer van bedryfskapitaal | Ontleding en vertolking van kontant, voorraad, debiteure en krediteure |

**VRAAG 1: BTW EN REKONSILIASIE (40 punte; 30 minute)**

1.1 **BTW**

Monde Winkels, waarvan Tom Monde die eienaar is, is op 'n eenmaandperiode vir BTW geregistreer. Jy word voorsien van die inligting uit die joernale vir Augustus 2019. Die BTW-koers is 15%.

**GEVRA:**

1.1.1 Verduidelik wat met *belasting op toegevoegde waarde* bedoel word. (2)

1.1.2 Bereken die volgende:

(a) Bedrag van verkope (BTW uitgesluit) uit die KOJ (3)

(b) BTW-insetbedrag uit die KBJ (3)

(c) BTW-uitsetbedrag uit die DJ (2)

1.1.3 Tom het nie genoeg geld in sy bankrekening om SAID vir BTW te betaal nie. Die banksaldo is tans met ongeveer R50 000 oortrokke. Watter raad sou jy aan Tom gee om:

- Die probleem nou op te los
- Die probleem in die toekoms op te los (4)

**INLIGTING UIT DIE JOERNALE:**

**A. Kontantontvangstejoernaal**

| | R |
|---|---|
| Totaal van Verkope-kolom | |
| Totaal van Debiteurekontrole-kolom | 420 000 |
| Totaal van Diverserekeninge-kolom | 0 |
| Totaal van BTW-uitset-kolom | 141 300 |

**B. Kontantbetalingsjoernaal**

| | R |
|---|---|
| Totaal van Handelsvoorraad-kolom | 248 000 |
| Totaal van Krediteurekontrole-kolom | 494 000 |
| Totaal van Diverserekeninge-kolom (alle toerusting) | 580 000 |

**C. Debiteurejoernaal**

| | R |
|---|---|
| Verkope (vrygestel van BTW) | 345 000 |

1.2 **KREDITEURE-REKONSILIASIE EN INTERNE BEHEER**

Madi Handelaars koop goedere op krediet van Pine Verskaffers. Die onderneming het vir April 2019 'n staat van die krediteur ontvang.

**GEVRA:**

1.2.1 Verduidelik hoe die Krediteure-rekonsiliasiestaat die onderneming kan help ten opsigte van hulle interne beheermaatreëls. Noem EEN punt. (2)

1.2.2 Bereken die korrekte saldo van Pine Verskaffers in die Krediteuregrootboekrekening van Madi Handelaars. Toon die veranderinge aan die syfer R117 180. (10)

1.2.3 Stel 'n Krediteure-rekonsiliasiestaat vir Pine Verskaffers op 30 April 2019 op. (10)

1.2.4 Die eienaar van Madi Handelaars is nie heeltemal tevrede met die diens en gehalte van goedere wat van Pine Verskaffers ontvang is nie. Noem TWEE faktore wat hy moet oorweeg voordat hy van verskaffer verander. (4)

**INLIGTING:**

**A. Krediteuregrootboek van Madi Handelaars**

| **PINE VERSKAFFERS (CL1)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | | **DEBIET** | **KREDIET** | **SALDO** |
| 2019 April | 01 | Saldo | | | 44 220 |
| | 05 | Rente | | 780 | 45 000 |
| | 08 | Faktuur 153 | | 54 000 | 99 000 |
| | 10 | Tjek 1449 | 22 500 | | 76 500 |
| | 12 | Debietnota 746 | 5 760 | | 70 740 |
| | 15 | Faktuur 111 | | 27 300 | 98 040 |
| | 17 | Faktuur 214 | | 91 500 | 189 540 |
| | 21 | Faktuur 273 | | 20 250 | 209 790 |
| | 24 | Debietnota 966 | | 5 400 | 215 190 |
| | 27 | Joernaalbewys 490 | 3 600 | | 211 590 |
| | 31 | Tjek 2346 | 93 000 | | 118 590 |
| | | Afslag | 1 410 | | 117 180 |

**B. Staat ontvang op 30 April 2019:**

| PINE VERSKAFFERS<br>Posbus 159, Pretoria, 0001 Tel.: 012 348 2340 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Madi Handelaars<br>Posbus 3131<br>Shayas, 0945** | | | **Datum: 25 April 2019<br>Kredietlimiet: R90 000<br>Betalingbepalings: 60 dae** | | |
| **Rente op agterstallige rekeninge: 6%** | | | | | |
| **DATUM** | | | **DEBIET** | **KREDIET** | **BEDRAG** |
| 2019 April | 01 | Rekening gelewer | | | 44 220 |
| | 05 | Rente | 780 | | 45 000 |
| | 08 | Faktuur 153 | 54 000 | | 99000 |
| | 10 | Kwitansie 491 | | 22 500 | 76 500 |
| | | Korting | | 480 | 76 020 |
| | 12 | Kredietnota 511 | | 6 570 | 69 450 |
| | 17 | Faktuur 214 | 91 500 | | 160 950 |
| | 19 | Kwitansie 654 | | 84 000 | 76 950 |
| | 21 | Faktuur 273 | 50 250 | | 127 200 |
| | 24 | Kredietnota 632 | | 5 400 | 121 800 |

**C. Addisionele inligting:**

(a) Die korting van R480 ontvang van Pine Verskaffers op 10 April 2019 is foutiewelik in die boeke van Madi Handelaars uitgelaat.

(b) Faktuur 111 is foutiewelik in die rekening van Pine Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Madi Handelaars getoon. Dit verwys na handelsware wat by 'n ander verskaffer, Pilot Verskaffers, gekoop is.

(c) Goedere wat op 12 April 2019 teruggestuur is, is korrek in die staat van Pine Verskaffers opgeteken. Die inskrywing in die boeke van Madi Handelaars is foutief.

(d) Pine Verskaffers het 'n fout op die staat tydens die optekening van Faktuur 273 gemaak.

(e) Kwitansie 654 is foutiewelik in die staat van Pine Verskaffers getoon. Hierdie transaksie het nie op Madi Handelaars betrekking nie en sal in die volgende staat reggestel word.

(f) Pine Verskaffers koop ook goedere op krediet by Madi Handelaars. Verwys na Joernaalbewys 490. Madi Handelaars het 'n debietbalans van die Debiteuregrootboek oorgeplaas. Hierdie inskrywing is nie deur Pine Verskaffers opgeteken nie.

(g) Die transaksie op 24 April 2019 het betrekking op handelsware wat aan Pine Verskaffers teruggestuur is.

(h) Die staat toon transaksies tot en met 25 April 2019.

**40**

## VRAAG 2: VERVAARDIGING (45 punte; 40 minute)

2.1 Kies EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n kostekategorie uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die kostekategorie langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| verkoop- en verspreidingskoste; direkte arbeidskoste;<br>direkte materiaalkoste; administrasiekoste; fabrieksbokoste |

2.1.1 Salaris van die fabrieksvoorman

2.1.2 Oninbare skulde

2.1.3 Skryfbehoeftes en telefoonuitgawes

2.1.4 Lone betaal aan werkers in die produksieproses (4)

2.2 **GALANE VERVAARDIGERS**

Galane Vervaardigers maak handdoeke. Die inligting hieronder is uit hulle finansiële rekords vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2019.

**GEVRA:**

Gebruik die inligting wat verskaf is om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek te voltooi:

2.2.1 Goedere-in-bewerking-voorraadrekening (10)

2.2.2 Klaarproduktevoorraad-rekening (7)

2.2.3 Fabrieksbokoste-rekening (15)

**INLIGTING:**

**A. Saldo's geneem uit die rekords van Union Vervaardigers:**

| | **28 Februarie 2019** | **1 Maart 2018** |
|---|---|---|
| | **R** | **R** |
| Fabrieks- indirekte materiaal | 2 630 | 3 480 |
| Goedere-in-bewerking-voorraad | 38 300 | 33 150 |
| Klaarproduktevoorraad | 34 100 | 15 250 |

**B. Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019**

| | R |
|---|---|
| Grondstowwe aangekoop (alles aan die fabriek uitgereik) | 516 000 |
| Fabrieks- indirekte materiaal aangekoop | 21 560 |
| Direkte arbeid | **?** |
| Indirekte arbeid | 24 350 |
| Fabrieksbestuurder se salaris | 65 060 |
| Huuruitgawe | 39 200 |
| Versekering | 8 700 |
| Water en elektrisiteit | 16 500 |
| Oninbare skulde | 2 980 |
| Diverse fabrieksuitgawes | 25 750 |
| Verkoopsnetto van handelskorting | 1 800 000 |

**C. Addisionele inligting:**

(a) Die winsopslag-% wat by die prysbepaling van goedere gebruik word, is 60%. Handelskortings van R100 000 is toegestaan.

(b) Grondstowwe:

- R16 000 is vir die vervoer van grondstowwe betaal.
- Grondstowwe is aan die verskaffers teruggestuur, R20 000.

**LET WEL:** Geen inskrywing is vir hierdie items opgeteken nie.

(c) Tweederdes van die versekeringsuitgawe het op die fabriek betrekking.

(d) Water en elektrisiteit moet aan die fabriek, verkoopsafdeling en die kantoor in die verhouding 4 **:** 1 **:** 1 onderskeidelik toegeken word.

(e) 65% van die huuruitgawe moet aan die fabriek toegeken word.

2.3 **MOTHO SKOENFABRIEK**

Motho Skoenfabriek vervaardig een soort sportskoen. Die fabriek het gedurende die jaar 13 800 pare skoene gemaak en al die pare is verkoop. Daar was geen goedere-in-bewerking-voorraad aan die begin of aan die einde van die jaar nie.

2.3.1 Bereken die direkte materiaalkoste per eenheid. (2)

2.3.2 Bereken die gelykbreekpunt op 31 Mei 2019. (4)

2.3.3 Verduidelik waarom die eienaar NIE met die onderneming se produksievlak tans tevrede is NIE. Haal syfers of indikators aan. (3)

| | R |
|---|---|
| Direkte materiaalkoste | 2 070 000 |
| Direkte arbeidskoste | 2 992 000 |
| Fabrieksbokoste | 872 000 |
| | |
| Vaste koste | 1 514 000 |
| Veranderlike koste per eenheid | 155 |
| Verkope per eenheid (paar) | 259 |

**45**

## VRAAG 3: BEGROTINGS (40 punte; 30 minute)

Jy word van 'n onvolledige Debiteure-invorderingskedule en 'n uittreksel uit die Kontantbegroting van Cosmo Handelaars vir drie maande geëindig 31 Desember 2019 voorsien. Die eienaar is Kagiso Cosmo.

**GEVRA:**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Wat is die hoofdoel daarvan om 'n Kontantbegroting te voltooi? (2)

3.1.2 Noem TWEE items wat in die Kontantbegroting sal verskyn, maar NIE in die Geprojekteerde Inkomstestaat NIE. (2)

3.1.3 Noem TWEE items wat in die Geprojekteerde Inkomstestaat sal verskyn, maar NIE in die Kontantbegroting NIE. (2)

3.2 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule en tel dit vir November en Desember 2019 op. (9)

3.3 Bereken die ontbrekende syfers soos aangedui deur **A**–**G** in die Kontantbegroting. Verwys na inligting (a) tot (f) hieronder. (15)

3.4 Om verkope en die getal klante te laat toeneem, beplan Kagiso om te adverteer dat kredietlimiete vir alle kredietklante na R40 000 verhoog sal word en nuwe klante mag gedurende Januarie 2020 rekeninge oopmaak.

Verduidelik TWEE faktore wat Kagiso in aanmerking moet neem voordat hy kredietlimiete verhoog. (2)

3.5 Verwys na addisionele inligting (g) met betrekking tot aflewerings aan klante.

- Verskaf berekenings vir die volgende drie jaar om jou mening te ondersteun.
- Verduidelik TWEE ander faktore wat Kagiso in aanmerking moet neem voordat hy 'n finale besluit neem.
- Moet die eienaar, Kagiso, Opsie 1 of Opsie 2 kies? Gee redes. (8)

**INLIGTING:**

**A. Debiteure-invorderingskedule van Cosmo Handelaars vir die periode geëindig 31 Desember 2019:**

| | | Debiteure-invordering | | |
|---|---|---|---|---|
| **Maand** | **Kredietverkope (R)** | **Oktober (R)** | **November (R)** | **Desember (R)** |
| Augustus | **240 000** | 60 000 | | |
| September | **360 000** | 144 000 | | |
| Oktober | **300 000** | 85 500 | | |
| November | **330 000** | | | |
| Desember | **330 000** | | | |

**B. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir 2019:**

| | **Oktober (R)** | **November (R)** | **Desember (R)** |
|---|---|---|---|
| **ONTVANGSTE** | | | |
| Kontantverkope | **?** | **A** | **?** |
| Ontvangste van debiteure | 334 250 | **B** | **?** |
| Lening van ATM Bank (12% p.j.) | 180 000 | | |
| **BETALINGS** | | | |
| Kontantaankope | 61 950 | 63 150 | **C** |
| Betalings aan krediteure | 262 200 | 364 800 | **D** |
| Rente op lening | 0 | 1 800 | **E** |
| Terugbetaling van lening | | 18 000 | 8 000 |
| Lone | 30 000 | 34 375 | **F** |
| Advertensies | **?** | **G** | **6 731** |
| Rente-uitgawe | 1 600 | 2 000 | **2 000** |
| Aankoop van motorfiets (vir aflewerings) | 25 000 | 2 100 | 2 100 |
| Petrol vir afleweringsmotorfiets | | 1 000 | 1 000 |

**Addisionele inligting:**

(a) **Verwagte invordering by debiteure:**

- 30% van debiteure vereffen hulle rekeninge gedurende die transaksiemaand van verkope om 5% afslag vir stiptelike betaling te ontvang.
- 40% vereffen hulle rekeninge in die maand wat op die transaksiemaand volg.
- 25% vereffen hulle rekeninge in die tweede maand na die transaksiemaand.
- 5% word gedurende die derde maand as oninbaar afgeskryf.

(b) **Totale verkope**

| 2019 | | |
|---|---|---|
| **Oktober** | **November** | **Desember** |
| R400 000 | R440 000 | R440 000 |

- Daar word verwag dat 75% van verkope op krediet sal wees; die res is kontant.

(c) **Totale aankope**

| 2019 | | |
|---|---|---|
| **Oktober** | **November** | **Desember** |
| R206 500 | R210 500 | R185 600 |

- 30% van alle aankope is kontant; die res is op krediet.
- Krediteure word twee maande na die aankoop van voorraad betaal.

(d) **Lening en rente op lening:**

Die rente op die lening en die maandelikse leningspaaiemente is aan die einde van elke maand betaalbaar. Rente word nie gekapitaliseer nie en die rentekoers het nie gedurende die jaar verander nie. Die lening is op 31 Oktober 2019 verkry.

(e) **Lone:**

In Oktober sal die onderneming ses werknemers hê, wat elk 'n loon van R1 250 per week verdien. Al die werknemers se lone word op Vrydae betaal. Daar is vier Vrydae in Oktober, vyf Vrydae in November en vier Vrydae in Desember 2019.

Een werknemer sal op 31 Oktober 2019 bedank en die oorblywende werknemers sal vanaf 1 November 2019 'n 10%-verhoging kry. Die onderneming beplan om nog twee personeellede teen dieselfde weeklikse loon soos op 1 Desember 2019 in diens te neem.

(f) **Advertensies:**

Die advertensiebegroting sal met ingang van 1 Desember 2019 met 6% toeneem.

(g) **Motorfiets vir aflewerings:**

Die eienaar, Kagiso, het begroot om goedere by klante af te lewer. Hy het twee opsies:

Opsie 1: Koop 'n motorfiets by Speedy Bikes

'n Deposito van R25 000 sal in Oktober aan die verskaffer betaal word. Maandelikse paaiemente van R2 100. Kagiso het hiervoor begroot, asook R1 000 per maand vir maandelikse petrolkoste. Hy neem aan dat petrolpryse met die wisselkoers toeneem en afneem en dat R1 000 per maand oor die volgende drie jaar realisties is.

Opsie 2: DD Aflewerings om die goedere af te lewer

Met hierdie opsie sal dit nie vir Kagiso nodig wees om die motorfiets te koop nie. DD Aflewerings sal 'n vaste tarief van R4 000 per maand vir die afleweringsdiens betaal vir die 12 maande wat op 1 November 2019 begin. Hulle sal hierdie koers daarna met 5% per jaar met ingang van 1 November in 2020 en 2021 verhoog.

**40**

**VRAAG 4: BEHEER VAN BEDRYFSKAPITAAL (25 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting uit die rekords van Umgeni Meubileerders vir die laaste twee finansiële jare geëindig 28 Februarie. Die onderneming verkoop tafels en stoele.

Die eienaar, Mary Benn, wil graag jou raad hê oor die beheer van haar bedryfskapitaal. Verwys na die vrae hieronder en haal syfers of finansiële aanwysers aan om jou kommentare te ondersteun.

**GEVRA:**

4.1 **Kontant in lopende bankrekening:**

Lewer kommentaar op die kontant in die lopende bankrekening. Watter raad sou jy vir Mary gee? Verskaf EEN punt. Haal syfers aan. (4)

4.2 **Handelsvoorraad:**

4.2.1 Bereken die voorraadhoudingsperiode vir 2019. Gebruik gemiddelde voorraad in jou berekening. (4)

4.2.2 Lewer kommentaar op die voorraadomsetsnelheid en die voorraadhoudingsperiode vir 2019. Haal syfers of aanwysers aan. Verduidelik waarom sy hieroor bekommerd behoort te wees. Watter raad sou jy vir Mary gee? Verskaf EEN punt. (5)

4.3 **Verkoopstrategieë:**

4.3.1 Mary het twee doelbewuste strategieë gebruik om verkope in 2019 te verbeter. Identifiseer die TWEE strategieë. Haal die betrokke syfers aan. (4)

4.3.2 Hou in gedagte dat die voorraad se kosprys met die inflasiekoers van 6% verhoog het en verskaf bewyse dat hierdie strategieë tot die onderneming se voordeel was. Haal syfers aan. (4)

4.4 **Debiteure en krediteure:**

Lewer kommentaar daarop of Mary haar debiteure en krediteure op toepaslike wyse beheer het of nie. Haal syfers aan. Watter uitwerking sou dit op die onderneming hê? (4)

**INLIGTING:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **A.** | **Syfers uit die Grootboek:** | **2019** | **2018** |
| | Totale verkope | R667 000 | R512 000 |
| | Kontantverkope | R220 000 | R270 000 |
| | Kredietverkope | R447 000 | R242 000 |
| | Koste van verkope | R460 000 | R320 000 |
| | Bruto wins | R207 000 | R192 000 |
| | Vaste deposito by Ace Bank (11% p.j.) | R80 000 | R300 000 |
| | Kontant in die lopende bankrekening | R405 000 | R120 000 |
| | Handelsvoorraad | R170 000 | R85 000 |
| | | | |
| **B.** | **Finansiële aanwysers:** | | |
| | Winsopslag-% | 45% | 60% |
| | Voorraadomsetsnelheid | 3,6 keer | 5,6 keer |
| | Gemiddelde voorraadhoudingsperiode | **?** | 66 dae |
| | Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode | 40 dae | 26 dae |
| | Gemiddelde krediteure-betalingsperiode | 38 dae | 30 dae |

**25**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

| GRAAD 11 REKENINGKUNDE: FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang van vennoot}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates **:** Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$ | |
| $\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365 \text{ of } 12}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ | |
| Langtermynlenings **:** Eienaarsbelang | Totale bates **:** Totale laste | |

Kopiereg voorbehou